

PUILA INVUILA

Landbou is die sleutel tot voedselsekuriteit

**AS BOERE WAT BESIG IS OM VOEDSEL TE PRODU-
SEER VIR DIE LAND, IS DIT BELANGRIK DAT ONS DIE
KWESSIES RONDOM DIE KONSEP VAN VOEDSELSEKU-
RITEIT VERSTAAN, OMDAT DIT BESLUIT WAT ONS
VIR ONS BESIGHEID MAAK, VANDAG KAN BEÏNVLOED.**

Ons moet die erns van die probleem verstaan en verantwoordelikheid neem om hoë gehalte voedsel te produseer vir elke operasie wat ons onderneem in die produksieproses. Ons kan aangemoedig word deur die hoë vlak van erns wat die probleem in die oë van ons politici inneem, want dit sal beteken dat ons uitstekende bedingingsmag het om die regering se ondersteuning te kry vir boere wat die werk goed doen!

By die onlangse Graan SA Kongres, het die Adjunkminister van Wetenskap en Tegnologie, Derek Hanekom, gesê: "Die jaar 2012 sal een van aksie in die landbou wees, met 'n groter fokus op voedselproduksie!" Mnr Hanekom het gefokus op aspekte van voedselsekuriteit, honger en grond-

hervorming. 'n Saak wat hom diep raak, is dat alhoewel Suid-Afrika tans voedselsekuriteit het, baie huishoudings in voedselonsekerheid leef en honger ervaar op 'n daaglikse basis. Statistieke berig dat een derde van die inwoners van sub-Sahara Afrika aanhoudend honger is – die hoogste persentasie in die wêreld!

Wat is voedselsekuriteit?

Voedselsekuriteit word gedefinieer as die fisiese, sosiale en ekonomiese toegang tot voldoende, veilige en voedsame voedsel, te alle tye deur alle Suid-Afrikaners om in hul behoeftes vir 'n aktiewe en gesonde lewe te voorsien. Mnr Hanekom beklemtoon die drie pilare wat deur die FAO gebruik word om voedselsekuriteit te definieer:


• **Beskikbaarheid**

Om te verseker dat daar genoeg voedsel beskikbaar is, nou en in die toekoms. Die beskikbaarheid van kos impliseer 'n bestendige betroubare verskaffing van voedsel op nasionale en huishoudelike vlak. Dit

Graan SA tydskrif vir
ontwikkellende produsente

LEES BINNE:

- 5 > Mentorskap – wat dit is en wat dit nie is nie
- 9 > Maak stoekmielies vir wintervoer
- 12 > Bestuur boerderykrediet



5



9



Mme Jane sê...

Die totale vraagstuk rondom huishoudelike, nasionale en internasionale voedselsekureit was die afgelope tyd in die nuus en mense is bekommerd oor die situasie. Daar is sommige mense wat siek is omdat hulle oorgewig is van te veel eet, terwyl daar miljoene mense in die wêreld is wat doodgaan van honger.

Ek het nagedink daaroor en alhoewel ons net een aarde het, leef mense in twee wêreldes. Daar is die wat kos kan bekostig, terwyl ander dit nie kan bekostig nie – dit is nie dat daar 'n tekort aan voedsel in die wêreld is nie. Daar is in totaal genoeg kos vir elkeen, maar sommige kan dit nie bekostig nie of het nie toegang daartoe nie.

Ek glo as ons wil seker maak dat elkeen op aarde genoeg het om te eet, sal een en elkeen van ons 'n bydrae moet maak tot die kosvoorraad. Daarby bedoel ek dat elke persoon 'n poging moet aanwend om kos te produseer (ten minste vir hulleself) terwyl die groot kommersiële boere kos moet produseer vir die wat nie toegang tot grond het nie.

My vraag aan jou is nou – “Gebruik jy al die grond wat jy het om kos te produseer?” Ek weet dat baie mense sal sê, “Ek besit nie 'n plaas nie.” Dit is presies waar ons verkeerd gaan – begin om groente/vrugte/sade te produseer waar jy is – selfs al is dit in jou klein erfie. Alle grond kan produktief wees en as ons die wêreld wil voed, moet ons almal ons bydrae maak. Daar is 'n spreekwoord, “Die grootste fout wat jy kan maak is om niks te doen nie, omdat jy net 'n bietjie kan doen!”.

Begin asseblief vandag; waar jy ook al is, om iets te kweek – jy sal beloon word en jy sal die aarde red van aardverwarming, omdat die plante wat ons kweek kan help met die verwoesende effek van aardverwarming en CO₂ uitlaatgasse.

Landbou is die sleutel tot voedselsekureit

word beïnvloed deur die produksievermoëns van die landbousektor en marktoestande.

- **Bekostigbaarheid en toeganklikheid**

Om die inkomste van mense by pryse aan te pas sodat hulle toegang tot kos het. Die kwessie van bekostigbaarheid en toeganklikheid verwys na die koopkrag van verbruikers en of hulle die kos wat beskikbaar is, kan bekostig.

- **Voedingswaarde en veiligheid**

Om burgers te bemagtig om optimale keuses te maak vir voedsame en veilige voedsel. Dit is 'n basiese menslike reg om in staat te wees om veilige en voedsame voedsel te bekom. Dit is een van die redes wat boere sal hê om aandag te sken aan die gehalte van water, bemesting en chemiese gebruik op voedsel gewasse. Een vyfde van ons kinders word gestrem in hul ontwikkelingstadiums as gevolg van 'n gebrek aan voedsel en 20% bereik nooit hul volle potensiaal nie as gevolg van wanvoeding. Ons enkele grootste uitdaging is om honger uit te roei. Hanekom beklemtoon die waarde van voedingskemas en gemeenskaps groentetuine en stel voor dat boere maniere vind om hul gemeenskappe op hierdie vlak te beïnvloed om so by te dra tot die “zero honger”-veldtog.

Hanekom lig boere in dat 'n deel van die regering se voorstel om te verseker dat daar voldoende toevoer van voedsel is om te voldoen aan die behoeftes van die bevolking is:

- Verhoog die aantal hektaar onder besproeiing, die verhoging van landbouproduksie en werksgeleenthede op plase.
- Verbeter die prestasie en doeltreffendheid van alle grondhervormingsprojekte.
- Bied beter ondersteuning aan swart boere, insluitend meer doeltreffende en toeganklike voorligtingsdienste.
- Begin met doeltreffende herkapitaliseringsprogramme.

Die regering erken dat boere nie kan oorleef te midde van onregverdig mededinging van hoogs gesubsidieerde boerderybedrywighede nie en sal ernstig:

- Tarief wetgewing ondersoek;
 - Landbou subsidies ondersoek;
 - Soek beter toegang tot markte vir ons produkte; en
 - Sluit tegniese samewerkingsooreenkomste.
- Hanekom bring hulde aan graanboere en beklemtoon die onontbeerlike rol wat produsente speel in die bydrae tot werkskepping en voedselsekureit, “Elke graanprodusent in Suid-Afrika bied kos aan meer as 6 000

mense.” Hy het ook Graan SA se Ontwikkelingspan gekomplimenteer vir hulle uitstekende opleiding en ondersteuning aan swart graanboere. “Ek glo dat Graan SA as 'n voorbeeld dien om die standaard te stel van hoe gevestigde landbou kan bydra tot Suid-Afrika se landbouhervorming.”

Die koste van voedselonsekerheid is hoër as wat ons dink!

Op huishoudelike vlak het voedselonsekerheid 'n invloed op alle vlakke van die sosiale en ekonomiese lewe. Dit lei tot onredelike hoë gesondheids- en mediese koste, hoë begrafnis koste, lae energievlakke en lae produktiwiteit by arbeid. Voedselonsekerheid raak dikwels die mees kwesbare lede van die familie, soos die bejaardes, vroue en kinders. Opvoedkundige ontwikkeling word vertraag en stremming in die groeiproses is algemeen.

Op nasionale vlak is daar ook gevolge omdat daar koste van maatskaplike toelaes, verhoogde vlakke van misdaad en hoër polisieeringsvereistes is.

Die rol van landbou

'n Internasionale verslag deur die Voedsel- en Landbou Unie dui aan dat landbou die sleutel is tot voedselsekureit. 'n Gesonde landbousektor dra by tot die verligting van armoede deur verlaagde voedselpryse, werkskepping, verhoogde boerderyinkomste en verhoogde lone. Om die landbou te maak werk, moet die sentrale fokus van die beleidsbenaderings tot voedselsekureit wees!

HET JY GEWEET?

- 25 000 mans, vroue en kinders het vandag gesterf van honger, wanvoeding en verwante siektes. Dit is die ekwivalent van 60 vol gelaaide jumbo stralers wat die grond tref.
- Daar is een miljard honger mense wêreldwyd. Die effek is hartverskeurend. Oplossings is nou nodig om toekomstige geslagte te voed.
- 'n Honger mens is swak, moeg en nie in staat om te konsentreer, te studeer of te werk nie.
- Honger lei tot siekte. Die liggaam begin om op homself te voed en uiteindelik lei dit tot hongersnood en dood.

**JENNY MATHEWS, VOORSITTER
VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGS-
PROGRAM VIR BOERE**

Handhawing van volhoubare produksie – ons voorstel aan Derek Hanekom

OP GRAAN SA SE KONGRES IN MAART WAS EK BEVOORREG OM ONS ADJUNK-MINISTER VAN WETENSKAP EN TEGNOLOGIE, MNR DEREK HANEKOM TOE TE SPREEK: "MY NAAM IS JENNY MATHEWS EN EK IS 'N BOER VAN SANNIESHOF. EK DIEN OP DIE GRAAN SA SE UITVOERENDE RAAD SEDERT 2005 EN EK IS OOK DIE VOORSITTER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE.

Daar is ongelukkig 'n algemene opvatting dat boere altyd negatief is en nie wil saamwerk nie, veral met betrekking tot grondhervorming en transformasie kwesies. Ek wil graag vandag hierdie wanbegrip uitdaag, want dit is eenvoudig nie waar nie en terselfdertyd wil ek Graan SA se dienste vir die regering aanbied.

As 'n gevolg van 'n besluit van die Graan SA loodskomitee om nuwe boere te help, is ons Graan Ontwikkelingsprogram vir Boere in 2000 geïmplementeer. Sedertdien het ons, deur die befondsing van die Mielietrust en ander graan trusts, reeds R88 miljoen bestee aan opleiding en ontwikkeling van nuwe swart boere.

Ons het ± 3 600 swart boere in ons studiegroepe en 58 swart boere in die 250 Ton Klub. Ons gevorderde boere program bestaan uit 120 boere wat tans gediens word deur mentorskap en ondersteuning op die plaas deur ons provinsiale bestuurders. Ons glo in die ontwikkeling van bevoegde, volhoubare, swart kommersiële boere.

In 'n belangrike vennootskap hierdie jaar, was ons die diensverskaffer vir die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming vir 16 boere in die Vrystaat en het hulle gehelp met R36 miljoen herkapitalisering befondsing.

- Elke boer is breedvoerig geraadpleeg en is betrokke by alle besluitneming;
- Elke boer weet presies waar die geld bestee is;
- Elke plaas is op die pad van herkapitalisering geplaas volgens sy unieke potensiaal; en
- Elke sent kan verantwoord word!

Ons het 'n span van 18 toegewyde personeel lede in ons agt plaaslike kantore, sowel as 25 mense wat ons op 'n kontrak basis help, wat meer as bereid is om die Regering by te staan met die suksesvolle vestiging van nuwe swart graanboere.

Die slotom: Graan SA het 'n hoogs bekwame span landboukundiges wat strategies geposisioneer is om 'n betekenisvolle bydrae te maak tot die toekoms van hierdie land. 'n Span wat relevant, redelik, gerespekteerd en betroubaar is!

Daarom vra ons opreg dat u hierdie voorstel aan die Regering sal oordra wat verklaar dat ons graag 'n vennootskap met die regering wil vorm om die 90% mislukking te omskep in 'n 90% sukses storie.

- Tot dusver het ons 'n gedetailleerde voorstel ingedien ten opsigte van hierdie vennootskap met die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming as deel van die betrokkenheid ten opsigte van die Groenskrif oor grondhervorming.
- Ons het ook dieselfde ingedien aan die Departement van Landbou, Bosbou, Visserye en die Nasionale Landbou Bemarkingsraad.

Ek wil graag hierdie voorstel van Graan SA aan u oorhandig, in u hoedanigheid as voorsitter van die Voedselsekerheid Werkgroep van die ANC. Ons is van die oortuiging dat hierdie voorstel ons in staat sal stel om volhoubare produksie te handhaaf terwyl grondhervorming geïmplementeer word."

JENNY MATHEWS, VOORSITTER VAN DIE
GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE



Adjunk-Minister van Wetenskap en Tegnologie, Mnr. Derek Hanekom.

Slange is belangrik in die ekosisteem



Molsslang - foto geneem deur: M.B. Paehler.

DIT WIL VOORKOM ASOF DIT ALGEMENE GEDRAG GEWORD HET OM 'N SLANG DOOD TE MAAK WANNEER ONS DIT OP ONS PLAAS SIEN. DIT IS ASOF DAAR BY ONS 'N INGEBOUDE VREES IS VIR SLANGE. DIT IS VERSTAANBAAR DAT SEKERE MENSE AAN FOBIES LY, MAAR HOEVEEL VAN ONS MAAK 'N OOMBLIK TYD OM AAN DIE GEVOLGE TE DINK VOORDAT ONS DIE GRAAF OPTEL? HET JY AL OIT GEWONDER WATTER EFFEK DIE VERWYDERING VAN HIERDIE REPTIELE OP ONS BOERDERY OPERASIES KAN HÊ?

Hierdie artikel is bedoel vir boere wat moet dink aan die waarde van slange binne die konteks van grond wat bewerk en bewei word en nie binne die konteks van 'n huis of tuinomgewing nie. Intendeel, as jy 'n slang in jou huis of erf kry en jy glo dit is giftig, moet nie kanse vat nie en raak daarvan ontslae indien dit 'n bedreiging vir jou familie inhou. As jy egter weet dat dit 'n skadelose slang is, byvoorbeeld 'n molsslang, 'n bruin huisslang of 'n rooilip slang, verwyder dit en laat dit los binne 'n veilige afstand van jou en ander huise. Dit is ongeveer 5 km tot 7 km weg. Indien jy 'n boer is, moet jy jouself vergewis van die verskillende slangspesies in jou omgewing.

Te veel boere ly groot verliese as gevolg van verhoogde knaagdierpopulasies, veral gedurende die saai en ontkiemingsfases gedurende die seisoen. Hoekom is hierdie situasie so 'n groot probleem? Daar is 'n eenvoudige antwoord: Daar is tans te min roofdiere.

Hoe spreek ons die probleem aan? Hierdie vraag het 'n ander eenvoudige antwoord: Hou op om roofdiere onnodig dood te maak. Ons moet die voordele van roofdier reptiele ken:

- Hulle hou knaagdier getalle laag.
- Hulle hou die grond deurlug en poreus.
- Hulle handhaaf 'n gebalanseerde ekosisteem op jou plaas.
- Hulle laat biodiversiteit toe.

Indien ons voortgaan om reptiele dood te maak, veral slange, teen die koers wat ons tans doen, gaan ons met baie groter probleme gemoeid

wees as gewasse wat beskadig is. Die verlies aan slange of selfs net 'n enkele slangspesie, kan die ekosisteem omkeer, wat weer meer probleme en wanbalanse kan veroorsaak, net soos 'n domino effek. Daar word dikwels na hierdie verskynsel verwys as 'n 'trophic cascade'. Dit is die tipe wanbalans wat ons te alle koste wil vermy. 'n Voorbeeld van hierdie wanbalans word gevind in sub-Sahara Afrika met die verdwyning en afname van leeu en luiperd getalle. Dit het gelei tot 'n uitbraak van bobbejane wat weer gelei het tot verhoogde konflik tussen bobbejane en mense, omdat die bobbejane gewasse stroop en siektes versprei.

Alle slange is roofdiere. Hulle vreet ander slange, klein soogdiertjies, knaagdiere, voëls, visse en reptiele soos akkedisse. Hulle vreet ook eiers, insekte en slakke. Die dieet van 'n slang dien as 'n vorm van plaagbeheer en verminder die behoefte aan plaagdoders en gif, wat 'n negatiewe uitwerking op ons ekosisteem het. In Vietnam bring bioloë slange terug in en rondom klein dorpie om graan te beskerm teen groeiende knaagdierbevolkings. Die afname in knaagdierpopulasies verminder ook die verspreiding van siektes wat algemeen deur knaagdiere oorgedra word.

Aan die ander kant van die muntstuk is daar baie diere en voëls wat slange in hulle dieet benodig. Hierdie roofdiere maak staat op die teenwoordigheid van slange vir hulle oorlewing, dus het die verwydering van slange uit die ekosisteem 'n negatiewe invloed op roofdiere. Roofdiere soos die Swartbors Arend, valke en uile, asook die muishond en meerkat vreet almal slange. Selfs indien 'n slang vrek, word die karkas verteer deur bakterieë, wurms en fungus.

Deur hierdie proses word voedingstowwe teruggesit in die grond wat dan deur gras en ander plante opgeneem word. Elke lewende element binne 'n ekosisteem is afhanklik van 'n ander! Dit is duidelik dat die teenwoordigheid van slange belangrik is in die gesondheid van ons ekosisteem. Boere, dink asseblief voordat julle ons waardevolle reptiele doodmaak.

GAVIN MATHEWS, BACHELOR OMGEWINGSBESTUUR, UKZN

Winter- graan

Mentorskap

– wat dit is en wat dit nie is nie

DIE AMERIKAANSE DIGTER RUTH WHITMAN HET EENKEER GESÊ DAT BEGINNERS VAN ALLE KUNSVORME MOET BEGIN MET MODELLE VAN DIEGENE WAT DIE KUNS VOOR HULLE BEOEFEN HET. DIT IS OOK NIE NET 'N KWESSIE VAN KYK NA DIE TEKENINGE, SKILDERYE, MUSIKALE KOMPOSISIES EN GEDIGTE WAT DAAR WAS NIE EN WAT GESKEP WORD NIE, DIT IS 'N KWESSIE DAT JY DEEL MOET WORD VAN DIE INDIVIDUELE KUNSWERK, VAN DIE BESEF DAT DIT GESKEP IS DEUR 'N REGTE MENS EN PROBEER OM DIE GEHEIME VAN DIE SKEPPINGSWERK TE ONTDEK.

Dit is baie dieselfde met mentorskap in die boerdery wêreld, waar nuweling in die landbou versigtig moet kyk, bestudeer en leer van ander suksesvolle boere in dieselfde boerderyaktiwiteite waar die meer ervare boer reeds ervaring en sukses gehad het. Sodra die nuwe boer die "geheime" en wysheid van die ervare boer geleer het, is hy beter toegerus om 'n beter boer te wees! Natuurlik is die sleutel dat die ouer en meer ervare boer bereid moet wees om 'n gids, 'n afrigter, 'n onderwyser en 'n vriend te wees wat die oë van die nuwe boer sal open op die wêreld van landbou en besigheid.

Mentorskap word gebou op 'n ondersteunende basis, waar 'n gesonde, wedersydse respektvolle verhouding tussen twee individue geskep is. Kennis, vaardighede en ervaring word gedeel, waar 'n nuwe toetreder tot boerdery aktief leiding en hulp soek wat hom in staat sal stel om 'n beter boer te wees.

Die mentor is iemand wat reeds insig en ondervinding het en wat bereid is om die kennis oor te dra wat die ander persoon sal bemagtig.

Mentorskap is altyd gebaseer op wedersydse respekt. Die verhouding sal gekenmerk word deur elemente van vertroue, sowel as toegenomenheid.

Wat maak 'n persoon 'n geskikte mentor?

So 'n persoon moet vertroue in sy eie kennis hê, sodat hy in staat is om iemand te lei of te neem deur 'n leerproses. Hy of sy sal:

- 'n Goeie kennis van boerdery in die veld hê en hoe boerdery as 'n besigheid bedryf word.
- 'n Passie hê om ander te help en te sien hoe hulle groei.
- Bereid wees om hul vaardighede en ondervinding met 'n ander te deel.
- Sterk interpersoonlike vaardighede hê en die vermoë om duidelik te kommunikeer.
- Die vermoë hê om 'n verhouding van vertroue met die mentee te bou. Mentees moet veilig voel om hul swakhede te openbaar en om hulself oop te maak vir die nuwe leerproses.
- 'n Goeie dosis geduld hê!

Wat word verwag van 'n mentor?

- Deel kennis en vaardighede wat die jong boer bemagtig.
- Stel duidelike doelwitte en verwag dat bepaalde werk of take voltooi moet word.
- Uitdagings bied wat geleentheid gee vir groei.
- Help bou aan selfvertroue en professionaliteit aanmoedig op alle gebiede van boerdery.
- Areas van swaarte, laksheid of negatiewe houdings konfronteer en aanspreek.
- Bied aanmoediging en help skep 'n positiewe houding teenoor boerdery as 'n loopbaan.

Die beste mentors is dié met soveel entoesiasme vir hul eie boerderybedrywighede dat hulle ander inspireer om te wil doen wat hulle doen!

Mentorskap – wat dit is en wat dit nie is nie

Watter slaggate is daar vir 'n mentor?

Soos in die meeste gevalle is daar twee kante van ervaring en alhoewel 'n positiewe houding aan die kant van die mentor gewoonlik voordelig is vir 'n werksverhouding, is daar slaggate om op die uitkyk te wees.

- 'n Gebrek aan toewyding aan die kant van die nuwe boer wat gementor word.
- Die verwagting dat hulle kan terugsit en toekyk sonder om hul hande vuil te maak.
- Soms is daar 'n wanverhouding tussen jou vaardighede as 'n boer en waarin die jong boer belangstel om te leer.
- 'n Persoonlikheid wat so verskil van joune dat jy sukkel om hul entoesiasme te vind of jouself in konflik vind met die mentee wat 'n situasie skep waar jy so gedreineer voel dat jy dit moeilik vind om konstruktief en produktief in die mentorskapprogram te wees.

Alhoewel jy nie permanent ontmoedig word om by te dra tot die groei van ander nie, maar jy ongemaklik voel met die mentorskap-verhouding, moet jy dit so vriendskaplik as moontlik beëindig en die jong boer na iemand verwys wat dalk beter by hom sal pas.

Wat is die karaktereenskappe van 'n mentee?

'n Mentee is iemand wat leiding in die ontwikkeling van spesifieke vaardighede en bekwaamhede soek van iemand wat ondervinding het en 'n rolmodel is in die veld.

In hierdie verhouding sal die mentee:

- Baie geleentheid hê om te kyk hoe dinge gedoen moet word – kyk en leer styl.
- Die vryheid hê om vrae te vra en kommer te deel.
- In staat wees om homself as 'n boer te ontwikkel binne 'n veilige verhouding en praktiese leeromgewing.
- Meer selfversekerd en bekwaam word omdat hy sy beginnerskennis oor boerdery integreer met die beste praktiese boerderymetodes wat hy van sy mentor leer.
- Landbou-kollege studente kry die geleentheid om die inligting wat in die klaskamer en in boeke bekom is, fisies te sien in die veld of in die boer se kantoor.

Oor watter vaardighede moet 'n mentee beskik?

Elke mentee moet die voorreg om 'n mentor te hê waardeer en moet volle voordeel trek uit die mentorskapverhouding. Twee van die belangrikste vaardighede wat 'n mentee behoort te ontwikkel, is die vermoë om vrae te vra en die kuns van luister en leer! 'n Groot deel van die leerproses is om die regte vrae te vra wat nuwe inligting en insig sal bring. Om van die staanspoor af goed te luister, sal vertroue skep en die mentee sal meer veilig voel met die take wat hy moet doen.

Wat is 'n mentee se verantwoordelikhede?

- Jy moet 'n duidelike begrip hê van jou verwagtinge, jou mentor en die verhouding.
- Kommunikeer jou verwagtinge duidelik oor wat jy hoop om te leer tydens die mentorskap-verhouding.
- Wees buigsaam en bereid om planne te verander indien nodig.
- Jy moet jou eie plan vir mylpale en doelwitte hê.
- Wees voorbereid vir die beëindiging van die mentorskap-verhouding deur die ontwikkeling van 'n uitfasseringsstrategie.
- Wees bereid om jou behoeftes en spesifieke belangstellings met jou mentor te kommunikeer.
- Wees bereid om hard te werk, om te beplan en jouself voor te berei en besluit om proaktief te wees oor jou leergeleentheid!

Graan SA en mentorskap

Graan SA is reeds vir byna tien jaar betrokke by die opleiding van nuwe boere. Ons het gevind dat daar wonderlike resultate is waar nuwe grond-eienaars en jong boere blootgestel is aan ons velddienste en geluister en geleer het van kundiges oor die beste praktiese boerderymetodes. Daar is baie verstommende getuienisse oor die volharding en sukses van mans en vroue wat hul harte gesit het op boerdery as 'n loopbaan en wat ten spyte van baie probleme die meeste gemaak het van ons studiegroepe, kursusse en velddienste en terug is na hul eie grond waar hulle dit in die praktyk gaan toepas het.

Die afgelope seisoen was baie opwindend, want ons was in staat om toegang te verkry tot toelaes van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming aan 'n groep boere in die Vrystaat. Elk van die 16 boere het 'n verhouding met 'n mentor wat boerdery-ondervinding het en wat omgee vir die sukses van grondhervorming. Hierdie span mentors geniet dit om nou saam te werk met die boere in die beplanning en ontwikkeling van hul kommersiële boerdery.

Alle besluite ten opsigte van die uitgawes van die herkapitaliseringsfondse is as 'n span gemaak en die individuele boer se passie en belangstelling het 'n baie belangrike deel gevorm van die ontwikkeling wat plaasgevind het op hul plaas. Huldeblyke moet gaan aan beide die mentors en mentees wat deelgeneem het aan hierdie proses vir die wonderlike verhoudings en die blywende vriendskappe wat deur hierdie proses na vore gekom het. Dit is ons opregte hoop dat ons verdere geleentheid sal hê om hande te vat met meer nuwe boere in ander streke waar graanboerdery ontwikkel moet word om 'n toekoms van voedselsekureit vir die burgers van ons pragtige land te waarborg.

JENNY MATHEWS, VOORSITTER VAN DIE
GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE

Ons maak 'n lewe deur dit wat ons kry, maar ons lewe deur dit wat ons gee.
Winston Churchill

Fokus op die korrekte gebruik van grond

AS GEVOLG VAN ONS BAIE HARTSEER EN VERDEELDE VERLEDE, HET ONS 'N OBSESSIE ONTWIKKEL OOR GROND EN GRONDBESIT. EK WAS ONLANGS BEVOORREG OM UITGENOOI TE WORD OM 'N RGN-KONGRES IN KAAPSTAD BY TE WOON, WAAR DIE TEMA WAS, "KAN TOEGANG TOT GROND 'N IMPAK MAAK OP DIE LEWENS VAN DIE LANDELIKE ARMES?"

Maar, soos die dag gevorder het, het ek meer en meer hartseer geword as gevolg van die houding en benadering van al die "akademië" in die vertrek. Hul fokus is op die grond en nie op die gebruik van grond nie. Dit sou eintlik blyk dat hulle absoluut geen belangstelling het in die gebruik van grond nie.

As jy sonder emosie nadink oor grond – jy kan nie grond eet nie, dit kan nie skoolgeld betaal nie, jy kan nie op dit ry van een bestemming na 'n ander nie en jy kan dit nie dra nie! Om die waarheid te sê, al wat jy kan doen is om op die grond te staan – tensy jy natuurlik die grond gebruik. Met ander woorde, die grond is nutteloos, tensy jy op dit boer en dit so-doende produktief maak.

Daar was 'n aansienlike hoeveelheid grondhervorming in Suid-Afrika sedert 1994. Nie alles was suksesvol nie, maar ek dink ook nie dat alles in gebreke gebly het nie. Maar as ons landbouhervorming wil sien, glo ek dat ons fokus moet wees om grond produktief te maak. Die suksesse wat behaal is, is almal waar die grond vir produktiewe boerdery gebruik word – die mislukkings is dié waar die begunstigdes onrealistiese verwagtinge gekoester het van hoe die grond hulle lewens sal verander. So baie mense wat grond het, was groepe mense wat niks gedoen het behalwe om te baklei nie – hulle kon baklei het sonder om die grond te hê!

Hoe word plaasgrond produktief?

Die eenvoudige antwoord is – deur harde werk! Om grond produktief te gebruik, is daar 'n aantal sake wat oorweeg moet word:

- Die boer moet hom daartoe verbind, verkieslik op die grond woon, honger na kennis hê en die wil hê om regtig hard te werk.
- Die boer moet vaste toegang tot grond hê, al beteken dit nie noodwendig eienaarskap nie. Jy kan op huurgrond, of op kommunale grond boer.
- Die grond moet geskik wees vir die tipe boerdery wat vir daardie gebied beplan word. Dit is noodsaaklik om die potensiaal van die grond te verstaan. Nie net enige gewas kan op 'n stuk grond geproduseer word nie.
- Geld speel 'n kritieke rol in die boerdery. Alles kos geld, die grond self, meganisasie, produksie-insette, arbeid, versekering, ensovoorts. Nog 'n kritieke faktor is die tydsberekening van die geld – daar is sekere kritieke tye dat dinge op die plaas moet plaasvind en as die geld nie beskikbaar is gedurende hierdie tyd nie, moet jy eerder niks doen as om dit te laat te doen nie.
- Meganisasie is belangrik indien die boerdery groter is as 1 - 2 hektaar en meganisasie behels trekkers en implemente. Dit is moeilik om die regte ding te doen as jy nie die regte gereedskap het nie.
- Arbeid is van kritiese belang wanneer die plaas te groot is vir die boer om op sy eie te bestuur. Boerdery is nie 'n 8 - 5 werk nie en ons hoor dikwels dat plaaswerkers sleg behandel word en dat hulle moeilike ure werk. Dit is die aard van boerdery. Die boer moet beskikbaar wees elke dag van die jaar, want die gewasse en vee het nie "vakansie" nie!

Fokus op die korrekte gebruik van grond

- Toegang tot goeie gehalte insette is uiters belangrik. Jy moet diesel hê vir trekkers om te werk, saad, kunsmis, chemikalieë, ensovoorts. Hoe beter die gehalte van die insette wat jy gebruik, hoe beter is die waarskynlikheid van 'n goeie oes.
- Daar moet 'n mark vir die produkte wees en dit moet gekoppel word aan 'n "goeie" prys. Boerdery is 'n besigheid soos enige ander en jy moet wins maak as jy in die landbou wil bly.
- Dit is belangrik dat die boer 'n ondersteuningstruktuur moet hê. Mense wat kan help en adviseer. Boerdery is duur en dit is beter om advies te neem en versigtig te wees, eerder as om duur foute te maak.

Diegene wat op groot skaal in Suid-Afrika reis, sal weet dat daar baie "ongebruikte" grond, of "slegte" grond is. Op hierdie einste RGN-kongres, het een persoon gesê dat hulle nog nooit gesien het dat daar "ongebruikte" grond in die voormalige tuislande bestaan het nie. Ongelukkig het hierdie persoon net sy onkunde bewys. Daar is 'n baie duidelike verskil tussen "ongebruikte" grond en braakgrond. Braakgrond is deel van 'n produksieprogram en die land wat braak lê, sal skoon van onkruid wees en nie deur diere beweë word nie. Die land word gerus om vog in die grond te versamel. Ongebruikte grond is gewoonlik bedek met onkruid en word dikwels beweë. Dit is nie eens moontlik om te sien wat se oes voorheen op daardie grond was nie.

Daar is 'n aantal redes waarom grond in die voormalige tuislande nie alles gebruik word nie:

- 'n Gebrek aan belangstelling in die grond vir boerderydoeleindes (die

grond is oorgedra van een geslag na die ander en die huidige eienaar weet nie hoe om dit te gebruik nie, of werk elders, of is te oud, of te siek om te werk).

- 'n Gebrek aan meganisasie – dit is algemeen in die Noordwes waar die trekkers oud en baie stukkend is (as gevolg van verskeie faktore).
- Onbehoorlike produksiepraktyke wat die grond gekompakteer en onvrugbaar gelaat het.
- 'n Lae pH (veral waar die reënval hoog is), wat verhoed dat die boer 'n oes verkry, tensy hy kalk toedien wat duur is.
- Gebrek aan geld om produksie-insette te koop.
- Geen toegang tot goeie produksie-insette.
- Gebrek aan kennis en vaardighede wat nodig is vir boerdery.
- Geen heinings – dus wei vee in die gewasse.

In ons ontwikkelingsprogram, is ons fokus op die gebruik van grond. Ons glo dat alle landbougrond goed gebruik moet word, sodat ons 'n impak kan hê op huishoudelike en nasionale voedselsekuriteit. Dit maak nie saak hoe groot die grond is nie – ons kan help om te weet hoe om jou grond optimaal te gebruik.

Kom ons neem vir 'n rukkie die druk af van die eienaar van die grond en fokus op die korrekte gebruik van die grond – dit sal ons 'n ver ent in die rigting van voedselsekerheid en werkskepping neem.

**JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN
DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE**



***Hierdie spesiale bylaag is
moontlik gemaak deur die bydrae
van die Wintergraantrust.***

Maak stoekmielies vir wintervoer

JARE GELEDE WAS EEN VAN DIE VELE AKTIVITEITE WAT BOERE BESIG GEHOU HET AS DEEL VAN HUL JAARLIKSE VOORBEREIDING VIR DIE KOMENDE WINTERSEISOEN, DIE MAAK VAN STOEKMIELIES. DIE MIELIES WAT GESTOEK IS, HET 'N BAIE BELANGRIKE DEEL GEVORM VAN DIE WINTER-RANTSOEN VIR PLAASDIERE.

In Suid-Afrika praat boere van die stoek van mielies vir wintervoer. Dit was 'n algemene praktyk en het begin afneem met die koms van groot stropers, omdat die stoekproses baie arbeidsintensief is. Maar nie alle boere het hierdie groot masjinerie nie en die praktyk kan selfs vandag nog ernstig oorweeg word, omdat dit 'n proses is wat ideaal geskik is vir die kleinskaalse boer wat op soek is na uitstekende wintervoer. Dit stoor baie effektief hoë voedingswaarde in die mielieplant.

Wat is stoekmielies?

Mielie-aanplanting vind normaalweg plaas. Wanneer die mielieblare nog geil en groen is en die koppe 'n harde deegstadium bereik het met die pitte ten volle ingedui, begin die boer om die stingels met 'n sekel of 'n panga af te sny, so laag as moontlik aan die grond.

Die beste stoekmielies word gemaak van lang, sterk, gesonde mielieplante. Sommige boere gebruik 'n sentrale paal en stapel die mielies op die paal teen 'n hoek, maar dit is net prakties waar slegs 'n paar stoekmielies gemaak word. Anders, laat die plante in 'n sirkel teen mekaar leun om 'n keël te vorm. 'n Nylon tou of 'n draadstrik moet vasgemaak word om dit bymekaar te hou en te verhoed dat die hele struktuur omval. Ongeveer 150

tot 200 mielieplante sal een stoek vorm. Indien dit behoorlik gevorm word, sal dit redelik bestand wees teen weersomstandighede en op die land bly totdat dit verwerk word.

Verwerking

- Na 3 - 4 weke behoort die mielieplante genoeg uitgedroog het om met 'n hamermeul gemaal te word. Meeste boere maal die hele plant met die koppe en skep so 'n kits, gebalanseerde rantsoen vir hul vee.
- Alternatiewelik, kan hierdie praktyk ook nuttig wees vir die kleinboer wat die koppe oes vir huishoudelike gebruik van voedsel. Die koppe kan afsonderlik afgemaak word en die oorblywende plante kan nog deur die hamermeul geplaas word. Die groen mielieplante het nog steeds 'n hoër voedingswaarde as gewone droë weiding.

Hoekom stoek ons mielies?

- Om die voedingswaarde in die groen plante te bewaar. Die plant gaan nie dood nie, maar droog eerder af.
- Daar is geen verliese nie, omdat die hele plant behoue bly – daar is geen verlies van blare deur die oesproses nie.
- Die hoër proteïenwaardes in die groen plante lewer 'n byna perfekte gebalanseerde rantsoen nadat die hele plant gemaal is. Dit het energie en proteïen vanaf die graan en die groen plante en gemaalde stonke en stingels lewer ruvoer.

JENNY MATHEWS, VOORSITTER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE



Die beste stoekmielies word gemaak van lang, sterk, gesonde mielieplante.

Eenvoudige stappe vir

FINANSIËLE BESTUUR BEGIN MET DIE VERKRYGING VAN 'N BRONDOKUMENT VIR ELKE TRANSAKSIE VAN JOU BESIGHEID. DIT IS OOK BELANGRIK OM HIERDIE DOKUMENTE IN 'N LEËR TE HOU SOOS DEUR WETGEWING VEREIS.

Vandag se boer moet deeglik vertrou wees met al die verskeie bestuursfunksies, ongeag die grootte van die besigheid. Alhoewel al hierdie funksies belangrik is, is dit die finansiële bestuur van die boerderyonderneming wat alles bymekaar bring. Definiëring en monitering van boerderyaktiwiteite in finansiële terme sal die boer 'n oorsig gee van die hele boerderybesigheid, wat op sy beurt sal lei tot beter ingeligte sakebesluite.

Finansiële bestuur is nie net die skakel tussen alle aspekte van die besigheid nie, maar ook "olie aan die wiele" wat die besigheid meer effektief sal laat funksioneer. Sonder kapitaal om te voldoen aan die kort-, medium- en langtermyn behoeftes van die besigheid, sal alles tot stilstand kom.

Finansiële bestuur kan dus gedefinieer word as 'n aktiwiteit wat sorg vir al die finansiële aspekte van die besigheid. Finansiële bestuur bestaan uit die volgende vier hoofaktiwiteite:

1. Finansiële rekordhouding en die opstel van die nodige finansiële state om die finansiële resultaat te bepaal (wins/verlies) deur middel van 'n inkomstestaat, die finansiële posisie (verhouding van bates wat verband hou met verpligtinge) te bepaal deur middel van 'n balansstaat en die kontantvloei posisie te bepaal deur middel van 'n kontantvloeiastaat. Daar word na bogenoemde verwys as finansiële inligting.

Soos alle ander take wat bespreek is in vorige artikels, moet finansiële bestuur behoorlik bestuur word deur behoorlike beplanning, organisering, implementering en beheer. Om in staat te wees om behoorlik te bestuur is finansiële rekords nodig.

'n Behoorlike plaas rekordhoudingsstelsel moet voorsiening maak vir die volgende:

- Voorraad.
- Waardevermindering skedules.
- Aantekening en verwerking van brondokumente volgens rekeningkundige beginsels.
- Finansiële state.
- Rekordhouding van produkte gebruik op die plaas.
- Arbeidsrekords.
- Masjinerie rekords.
- Fisiese produksierekords.

2. Finansiële ontleding en beplanning. Om die vordering van jou besigheid (analise) te bepaal, verskaf finansiële inligting 'n feitelike en meetbare basis in vergelyking met die:

- Vorige jare;
- Doelwitte, en
- Die prestasie van ander soortgelyke aktiwiteite, soos ander plase of navorsingsresultate.

Indien en wanneer dit beskikbaar is, sal die historiese finansiële inligting dien as 'n basis vir toekomstige beplanning (sogenaamde begrotings wat toekomstige finansiële inligting aandui) en besluitneming.

behoorlike finansiële bestuur

3. Neem van beleggingsbesluite. Om jou besigheid te verbeter en/of uit te brei moet jy besluit watter optrede die mees gunstige sal wees – moet ek 'n groter trekker koop, moet ek my bestaande ondernemings uitbrei, of moet ek 'n nuwe onderneming begin.

4. Finansieringsbesluite. As jy 'n besluit/e geneem het vir die verbetering en/of uitbreiding van jou besigheid, moet jy besluit hoe jy jou planne vir die toekoms gaan finansier. Gaan jy jou eie fondse (wins) gebruik of gaan jy geld leen?

As die bogenoemde egter slegs gesien word as teorie, kan die vraag gevra word: “Maar waar moet ek begin met finansiële bestuur?”

In die praktyk is die eerste stap na behoorlike finansiële bestuur om al die sogenaamde brondokumente vir alle aksies wat verband hou met jou besigheid waar geld betrokke is (direk of indirek) te bekom en te hou. In alle gevalle is 'n brondokument 'n papierdokument, soos die volgende:

- Bankstate, bank en deposito strokies;
- Aankoopfakture (insluitend strokies, kontant strokies, petrol strokies);
- Verkoopfakture en afleweringdokumente;
- Krediet en debiet notas;
- Tjeks en tjek teenblaaië;
- Dokumentêre bewys van alle elektroniese transaksies;
- Betaalstrokies; en
- Rekords van die produkte wat gebruik word op die plaas.

Die naam brondokument is afgelei van die feit dat hierdie dokumente die basis of eerste of vertrekpunt of oorsprong is van finansiële bestuur. Sonder hierdie dokumente is dit totaal onmoontlik om die finansies van jou besigheid te bestuur.

Realisties gesien, vind baie transaksies informeel op die plaas vir kontant plaas en formele brondokumente is dan nie beskikbaar nie – die verkoop van groente/vrugte/groenmielies/vee/hoenders direk aan kliënte. Om in staat te wees om jou finansies behoorlik te bestuur, moet jy dan jou

eie brondokumente skep. Dit is baie maklik om te doen – gebruik 'n eenvoudige inskrywing en teken alle transaksies aan of gebruik faktuurboeke wat beskikbaar is van skryfbehoeftes handelaars.

As deel van die proses van die verkryging van al hierdie brondokumente, moet jy ook hierdie dokumente op een of ander manier in 'n liasseerstelsel hou. Jy word wetlik verplig deur die SAID (Suid-Afrikaanse Inkomstediens) om hierdie dokumente op 'n jaarlikse grondslag vir minstens vyf jaar te hou. Ons arbeidswette vereis ook dat jy al die arbeidsrekords hou – betaalstate, verloftekords, ensovoorts vir 'n tydperk van drie jaar.

Liassering moet gereeld bygehou word. Baie tyd gaan verlore met die soek van dokumente. Onthou, tyd is waardevol.

'n Eenvoudige en maklik indeksstelsel waardeur lêers geklassifiseer word, is 'n noodsaaklikheid. Alle dokumente moet in datum volgorde geliasseer word vir die doeleindes van finansiële bestuur. Dit word sterk aanbeveel dat alle dokumente op so 'n wyse gemerk/genommer word dat dit maklik opspoorbaar is en weer korrek geliasseer kan word.

Onthou, hierdie dokumente dien as regsdocumente, byvoorbeeld as bewys van eienaarskap, wanneer jy goedere wat aangekoop is weer terugneem, bewys van betaling, ensovoorts. In terme van belasting kan jy slegs BTW eis as jy die betrokke dokumente beskikbaar het. Ook met betrekking tot inkomstebelasting kan jy slegs 'n koste as 'n aftrekking eis as jy die betrokke brondokumente beskikbaar het. So, kry hierdie stukkies papier en hou hulle behoorlik.

Onthou ook, op 'n sekere tydstip sal jy die winsgewendheid van jou besigheid wil bepaal: $I - E = P / L$ (Inkomste minus uitgawes = Wins of Verlies). Dit kan slegs tydlig, korrek en akkuraat bereken word as jy al die betrokke brondokumente het.

**INLIGTING AANGEPAS VANUIT DIE
SAKE-ETIEK KURSUS DEUR MARIUS GREYLING**



Die publikasie word maandeliks gemaak deur die hydrae van die Mielietrust.

GRAAN SA

PO Box 88, Bothaville, 9660
 ▶ (056) 515-2145 ◀
 www.grainsa.co.za

PROGRAMBESTUURDER

Jane McPherson
 ▶ 082 854 7171 ◀

BESTUURDER: OPLEIDING & ONTWIKKELING

Willie Kotzé
 ▶ 082 535 5250 ◀

SPECIALIS: VELDDIENSTE

Danie van den Berg
 ▶ 071 675 5497 ◀

VERSPREIDING: PULA-IMVULA

Debbie Boshoff
 ▶ (056) 515-0947 ◀

PROVINSIALE KOÖRDINEERders

Daan Bosman
 Mpumalanga (Bronkhorstspuit)
 ▶ 082 579 1124 ◀

Johan Kriel
 Free State (Ladybrand)
 ▶ 079 497 4294 ◀

Jerry Mithombothi
 Mpumalanga (Nelspruit)
 ▶ 084 604 0549 ◀

Lawrence Luthango
 Eastern Cape (Mthatha)
 ▶ 083 389 7308 ◀

Jurie Mentz
 KwaZulu-Natal and Mpumalanga
 ▶ 082 354 5749 ◀

Ian Househam
 Eastern Cape (Kokstad)
 ▶ 078 791 1004 ◀

Naas Gouws
 Mpumalanga (Belfast)
 ▶ 072 726 7219 ◀

Toit Wessels
 Western Cape (Paarl)
 ▶ 082 658 6552 ◀

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
 ▶ (018) 468-2716 ◀
 www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,

Engels, Tswana, Sesotho,
 Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Bestuur boerderykrediet

DIT IS SONDER TWYFEL VIR 'N BOER DIE BESTE PRAKTYK OM INSETTE SOOS SAAD, KUNSMIS, GIF EN BRANDSTOF, KONTANT AAN TE KOOP. DIT IS DIE IDEEAAL. INDIEN DIE BOER EGTER NIE GENOEG KONTANT BESKIKBAAR HET NIE, IS DAAR PRODUK-SIELENINGS BESKIKBAAR BY AGRIBESIGHEDE, BANKINSTANSIES EN REGERINGSINSTANSIES. DIE LENING, TESAME MET DIE RENTE, MOET ALTYD TERUGBETAAL WORD AAN DIE EINDE VAN DIE PRODUKSIESEISOEN, WAT DIE BEDRAG IS WAT BETAALBAAR IS AAN DIE LENER VIR DIE LENING.

Wanneer die oes ingesamel en bemark is:

1. Moet die boer eerstens alle lenings wat hy uitgeneem het, terugbetaal. Op hierdie manier word 'n goeie kredietrekord opgebou, sodat leners in die toekomst meer positief kan voel om weer lenings te gee.
2. Moet die boer tweedens die bedrag geld wat oorbly na die lenings betaal is, heroorweeg. Is dit 'n wins of verlies? Indien daar 'n wins is, moet die boer homself betaal – niemand werk gratis nie. Geld wat geneem word vir werk wat gedoen is, verseker dat daar

genoeg geld is vir alledaagse behoeftes.

3. Moet alle oorblywende geld opsy gesit en gespaar word. Dit kan gebruik word om te betaal vir die volgende seisoen se insette, of om nuwe implemente te koop, of selfs vee vir die boerdery.

Moet nooit die belangrikheid onderskat om lenings terug te betaal nie. Versuim om tred te hou met terugbetalings, kan jou forseer om jouself insolvent te verklaar en jou krediet negatief beïnvloed, asook jou hoop vir verdere produksienings.

Die Minister in die Presidensie, Trevor Manuel, het gesê dat Suid Afrika se families baie hoog in skuld is. Die skuld word 'n "doodstrik", omdat "Ons geld spandeer wat ons nie het nie, om tred te hou met die bure".

Onthou altyd: Dit is belangrik om daarna te streef om so min geld as moontlik te leen, omdat rente baie duur is en dit maklik is om vasgevang te word in 'n skuldstrik.

**JENNY MATHEWS, VOORSITTER
 VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGS-
 PROGRAM VIR BOERE**



Ons poog om die beste maandelike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.